BURGER (Kaap Platteland)
27 Dec 2012, p.4

Mas van Kaapse jag herstel in Lüderitz

Eben Human

KAAPSTAD. – Die Kaapse seiljagvaarder Michael Kavanagh het gistermiddag om vyfuur met 'n beskadigde mas met sy seiljag Ray of Light by Lüderitz in Namibië aangekom vir herstelwerk.

Dit was die tweede slagoffer in die St. Helena-wedvaart om die Goeweneursbeker wat Saterdag by Simonstad begin het.

"Die skade is erg. Hulle sal nuwe takelwerk moet kry en ek dink die wedvaart is nou verby vir hulle," het die plaaslike toeroperateur Heiko Metzger gesê nadat hy Kavanagh en sy bemanning met hul aankoms ondersteun het.

Saam met Michael Kavanagh op sy jag, 'n Beneteau First 44.7-ontwerp, seil sy vrou, Heidi, en hul vierjarige seuntjie, Sean - verreweg die jongste deelnemer.

Die res van die bemanning is Richard Bryant, Iain Gibson, Margie Gibson en Sophie Pages.

"Die bemanning moet nog by die doeane uitklaar en daarna sal ons hulle met ons warm gasvryheid tuis laat voel in Lüderitz," het Metzger gesê.

Gister in die vroeë oggendure het Kavanagh 'n boodskap aan die organiseerders gestuur om te laat weet dat die mas aan sy bopunt geknak het.

"Al die bemanning is ongedeerd," is berig op die wedvaart se amptelike webtuiste.

Die hoofseil kon net gedeeltelik gehys word. Daar was egter genoeg diesel om die jag veilig na die hawe te bring.

Metzger het gesê dit was nie 'n mooi gesig om die beskadigde jag te sien nie. Dit kan 'n tydjie neem om die jag te herstel.

Kort ná Saterdag se wegspring in Simonstad het twee ander deelnemende jagte stuurprobleme ervaar. Op die dubbelromp Tico-Tico van Jan Maré is oorweeg om Houtbaai aan te doen vir herstelwerk, maar dit was uiteindelik nie nodig nie.

Hierna het Hendriks op Unwind na Saldanha teruggedraai weens stuurprobleme.

Die outomatiese stuur kon egter nie herstel word nie. Daar gaan nog vandag 'n poging aangewend word om dit reg te kry.

Hendriks en sy vrou, Margret, het die laaste jare in Plettenbergbaai gewoon en seil nou alleen op hul wêreldvaart op die nuwe staalromp-jag.

Die res van die deelnemers het die eerste paar dae baie stadig gevorder in frustrerend ligte toestande. Die oortog van 1 700 seemyl neem dalk baie langer as wat die meeste verwag het.